BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT

BELEGGINGSVERSLAG

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

UITGAWE EEN EN SESTIG

JULIE 2008

BELEGGINGSBESTUUR DEUR MOEILIKE TYE

DIE SUB-PRIMA-KRISIS:

WAYNE MCCURRIE:
Beleggingsstrteeg by
Rand Merchant Bank.

MOMENTUM & BRENTHURST
WEALTH MANAGEMENT
BELEGGINGS—SEMINAAR

DATUM:	WOENSDAG, 23 JULIE 2008
TYD:	15H30 VIR 16H00
PLEK:	BRENTHURST OFFICE PARK BUILDING 3 PRISM PARK, FOURWAYS BOULEVARD& WILLIAM NICOL FOURWAYS
RSVP:	ROZANNE (011) 799-8100 allie@brenthurstwealth.co.za

BESPREKING IS BELANGRIK!
Verversings sal bedien word!

www.brenthurstwealth.co.za

Deur Magnus Heystek—BELEGGINGSTRATEEG

Meer as ’n jaar gelede het Brenthurst Wealth Management ’n beleggingseminaar by sy kantore in Fourways, Gauteng, gehou, waar die Amerikaanse fondsbestuurder John Mauldin van Absolute Partners (’n internasionale verskansingsfonds) die genooide spreker was.

Hy het ’n konsep behandel waarvan min Suid-Afrikaners voorheen bewus was, naamlik “sub-prima-huisleningsverbande” en het gewaarsku dat dit vergelyk kan word met ’n tydbom binne die finansiële stelsel van Amerika

Hy was in die kol. Maar min het hy toe besef dat die subprima-krisis kort daarna ’n finansiële Vesuvius sou word, wat sy lava oor net mooi die hele wêreld sou strooi en tans die grootste bedreiging vir die moderne wêreld inhou sedert die Groot Depressie.

En asof die een finansiële tsoenami nog nie genoeg was nie, het twee bygekom, naamlik stygende oliepryse en duurder kos.

Wie sou ’n jaar gelede voorspel het dat die olieprys binne ’n jaar tot meer as $140 per vat sou styg? Of dat die prys van mielies, rys en net omtrent elke ander noodsaaklike verbruikersproduk binne dieselfde tyd amper sou verdubbel?

Sedert Mei verlede jaar is die globale finansiële markte - insluitende dié van Suid-Afrika – getref deur ’n golf van finansiële onsekerheid en onstuimigheid wat tot vandag voortduur.

Ons beleef tans wêreldwyd bate-deflasie wat betref omtrent elke vorm van konvensionele
bates – aandele, eiendom en verbande. Al uitsondering was goedere of kommoditeite, maar selfs hier dui die jongste ontwikkelinge op trurat.

En dis letterlik bedoel. Want vir die meeste beleggers was daar net mooi nêrens skuiling nie. Wie onthou Nowhere to Hide, op Springbok-Radio?

(Springbok-Radio? Waar kom hy vandaan? Dis wat die jongeres op kantoor wil weet.)

Ek word dikwels gevra om die jongste situasie te vergelyk met die tweede olieprys-krisis van 1980 en die inploffing van die aandelemark in Oktober 1987. Ek het albei eerstehands meegemaak as finansiële verslaggewer en as redakteur – en kan hier sonder vrees vir weerspreking verklaar: niks is te vergelyk met die afgelope net meer as ’n jaar nie.

Terugskouend was die inploffing van 1987 net ’n ligte kuggie – dramaties soos dit ook al mag wees op die dag toe die markte binne ’n dag met 22% geval het sedert die bulmark se stormloop sedert 1982. Die markte het heel gou herstel en binne twee jaar het Wall Street (net om een te noem) se waarde verdubbel sedert sy laagtepunt op 19 Oktober 1987.

Die afgelope twaalf maande was veel langer, moeiliker om te voorspel en handewringend as elke ander finansiële krisis van die afgelope drie dekades. Wanneer finansiële raadgewers net mooi duskant fisiek siek begin voel, begin jy ’n idee kry van die volle omvang van hierdie finansiële bloedbad.

Wat hierdie tydperk erger maak as ander is die wyse waarop finansiële en beleggingsmarkte in hierdie tyd verander het.

Meer mense as ooit tevore is vandag in beheer van hul eie beleggings- en aftreefondse. Ons het al dikwels hierop gewys: ’n generasie terug was daar vir mense ’n lewenslange pensioen; hetsy onderskryf deur die staat of die groot maatskappye waarvoor hulle gewerk het.

Die prentjie het dramaties verander. Weens die verandering van bepaalde voordele na bepaalde bydraes bestaan daar byna nie meer hierdie waarborge nie. Ons het al by herhaling gewaarsku lewende annuïteite fyn bestuur moet word vir ’n lewenslange leefbare inkomste.

Finansiële raadgewers het vandag baie meer regstreekse kontak met hul kliënte as ooit tevore met persoonlike advies om hulle deur hierdie onstuimige tye te dra. Die interaksie met kliënte was soms nie so goed soos die afgelope paar jaar nie. ’n Dekade terug was ’n finansiële raadgewer nie veel meer as ’n versekeringsmakelaar wat bloot gedien het as ’n tussenganger tot groot en onpersoonlike versekeringsmaatskappye nie.

Ons weet presies hoe u moet voel!

Ons is persoonlik ewe betrokke by die fondse en bates as u. En ons hoofdoel is nie maar net om te verstaan wat aan die gebeur is nie, maar om vorendag te kom met ’n beleggingsraamwerk waarbinne gehandel kan word met al die onseker-heid, die beskerming van u kapitaal en ten minste aan u ’n lae-risiko-geleentheid te bied om u finansiële waarde teen verdere wegvreting of erosie te beskerm.

DIE BESTE RAAD VANDAG!

Doen niks! Ons beleef tans abnormale tye wat betref beleggings en abnormale tye gaan normaalweg verby. In die een of ander stadium sal verstandigheid seëvier en slim beleggers met ’n langtermyn-visie sal besef watter waardes daar tans in die markte is.
Ons voorgestelde beleggingsportefeuljes was nog altyd gebalanseerd en soepel met ’n buitelandse inset. Hierdie strategie het die afgelope vyf jaar al vir ons en ons kliënte goeie dividende gelewer.

In sekere gevalle kan skuiwe geregverdig word, maar ons is gekant teen omvattende veranderinge aan u portefeuljes.

Ons was nog altyd ten gunste van beleggings op die lang termyn en ons hou daarby, veral met die mark wat met byna 20% gedaal het. Dit is nou die tyd om ons en ons strategie te vertrou.

Die grootste gevaar tans (en dit is ons mening) is om emosioneel te reageer op die laaste paar weke se gebeurde. Som-mige sal meen dis nou die tyd om die bates te volg wat die beste vertoon het, wat insluit goedere of kommoditeite (na ons mening gevaarlik oor-gewaardeer) en ander om alle bates in kontant om te skep.

Kontant is alleen ’n opsie as (a) die belegging op die kort termyn is (en derhalwe nie in die eerste plaas in ’n risiko-verwante belegging geplaas is nie) en (b) u nie met die huidige onstuimigheid van die markte kan saamleef nie.

Dit is nou dit tyd om met u finansiële raadgewers te gesels. Ons hoofdoel is om u te help om u boot deur die huidige onstuimige see na kalmer water te stuur. Dit sluit in selfs 'n nuwe evaluering van u risiko-profiel, wat die laaste tyd kon verander het.

Ons gewaardeerde langtermyn-kliënte weet ons het al saam met hulle onstuimige tye beleef. Die voorspelling van 'n hoogte - en laagtepunt van 'n beleggingsiklus in welke fonds ook al is menslik onmoontlik.

Neem ook in ag dat u geld deur sommige van die heel beste beleggingsinstansies in Suid-Afrika en in die buiteland bestuur word. Almal doen stappe om die onstuimigheid vir u te verminder en u bates te beskerm.

Indien u ons hulp nodig het om u welvaart te laat toeneem, moet u bereid wees om 'n sekere mate van onstuimigheid en verliese op die kort termyn te aanvaar. Selfs die befaamde belegger Warren Buffett het in sy loopbaan drie keer tot 50% en meer van sy beleggings verloor. En dit geld vir die meeste suksesvolle beleggers, ook in Suid-Afrika.

Sir John Templeton, die globale belegger wat onlangs in die ouderdom van 95 jaar oorlede is, het by herhaling gesê: Die beste tyd om te belê, is wanneer pessimisme op sy ergste is.
DAARDIE TYD IS NOU.

KOMENDE BELEGGINGSEMINAAR: DIE HUIDIGE STAND VAN DIE MARKTE

ONS VOLGENDE KLIËNTE-SEMINAAR WORD OP 23 JULIE BY DIE BRENTHURST AUDITORIUM (FOURWAYS) AANGEBIED. DIT BIED AAN U DIE GULDE GELEENTHEID OM KENNIS TE MAAK MET EEN VAN SUID-AFRIKA SE TOP-FONDSBESTUURDERS, WAYNE MCCURRIE VAN RAND-AKSEPBANK. MCCURRIE IS 'N BEKENDE KOMMENTATOR OOR FINANSIËLE SAKE OP RADIO EN TV EN 'N GEREELDE GAS OP DIE PROGRAM MONEYWEB POWER HOUR MET ALEC HOGG. BESPREEK VROEGTYDIG EN BEPERK TOT SESTIG.

BEL CELESTE BY (011)799-8100 OF KONTAK ROZANNE@BRENTHURSTWEALTH.CO.ZA OM U BESPREKING TE BEVESTIG.

NUWE AANSTELLING

Dit is vir ons aangenaam om aan te kondig dat die Brenthurst-familie aangegroei het met die aanstelling van mev. Renée Eager. Sy is reeds sedert 1998 in die finansiële bedryf werksaam en was in diens van verskeie bekende maatskappye, insluitende TMA en die afgelope sewe jaar as senior makelaar van Investec. Sy het haar hoër sertifikaat in finansiële markte in 2004 verwerf en het haar twee jaar later as gekwalifiseerde finansiële beplanner (CFP) bekwaam. Sy is nou lid van Brenthurst se span as senior finansiële beplanner en lid van Brenthurst Wealth Management (Pty) Ltd.
Renée is getroud met Frank en die ma van 'n babadogter, Emma.

BRENTHURST BESKIK NOU OOR DIE DIENSTE VAN VIER GEREGISTREERDE EN GEKWALIFISEERDE FINANSIËLE BEPLANNERS - TANS EEN VAN DIE VINNIGS GROEIENDE FINANSBEPLANNINGSONDERNEMINGS IN GAUTENG. DIE ANDER IS BRIAN BUTCHART (CFP), WAT HOOF IS VAN FINANSIËLE BEPLANNING, ASOOK JOHAN EN MICHELLE BURGER, WAT HULLE HOPELIK LATER VANJAAR OOK VIR DIE GESOGTE CFP-KWALIFIKASIE SAL KWALIFISEER. ALBEI BESKIK REEDS OOR DIE GRAAD B COM EN DIE NASIONALE SERTIFIKAAT IN WELVAARTBESTUUR (NQF5).

AL ONS KLIËNTE IS IN DIE BEKWAME HANDE VAN ONS VIER BEPLANNERS. MOENIE HUIWER OM (VERAL IN HIERDIE MOEILIKE TYE) MET HULLE IN VERBINDING TREE NIE. U HET NOU (NOG MEER AS TEVORE) GOEIE FINANSIËLE ADVIES NODIG!

BELEGGINGSADVISEURS:

BRIAN BUTCHART
brian@brenthurstwealth.co.za

JOHAN BURGER
johan@brenthurstwealth.co.za

MICHELLE BURGER
michelle@brenthurstwealth.co.za

RENEE EAGAR
renee@brenthurstwealth.co.za

BELASTING :

GAVIN BUTCHART
gavinb@brenthurstwealth.co.za

BEMARKING:

SUE HEYSTEK
sue@brenthurstwealth.co.za

KLIËNTEDIENS :

CELESTE PHAKHATI
celeste@brenthurstwealth.co.za

ALLIE SIKHOSANA
allie@brenthurstwealth.co.za

ROZANNE HEYSTEK
rozanne@brenthurstwealth.co.za